

Godsbegrip bepaal kerkbegrip

Wat die *Missio Dei* aan jou kan doen

André van Niekerk



“Die kerk is maar die basiskamp in die koninkryks-onderneming”, het ek opgewonde in 'n preek verduidelik. “Die gemeente is soos die tente waarin bergklimmers warm kos kry, hulle voetsere behandel, na mekaar se verhale luister en mekaar moed inpraat. Dit gaan nie om die tente mooier en mooier te maak nie. Die eintlike taak is om die bergpieke vir die Here te verower en sy vlag daar op te sit: huwelik, gesin, skool, politiek, sport ...”

'n Onbybelse preek?

Vandag is ek jammer oor dié preek, veral die beeld waarmee die kerk en koninkryk verduidelik is. Miskien kon dit Christene wel help om te beseft dat God Koning is oor elke aspek van ons lewe (dink byvoorbeeld aan Calvyn se idee van die heiliging van die lewe). Ongelukkig het dit ons Westerse erfporisie oor God as veraf magsfiguur versterk en die verowerings- en heersersdrang wat in ons sendingpraktyk ingesluip het, beklemtoon.

Boonop pas die beeld beter by 'n Christelik-filosofiese skema in as wat dit die eskatologiese karakter van die Nuwe Testament respekteer. Die klem was nie op die koninkryk as eskatologiese gawe van God, op die “laaste dae” waarin, soos Paulus dit meermale formuleer, die skeiding tussen man en vrou, Jood en Griek, slaaf en vryman opgehef is nie.

My preek kon ook die indruk van die koninkryk as ons opdrag eensydig beklemtoon het. Volgens ons “kategismus van die hart” (Rahner), gaan dit in regverdigmaking om God se genade, maar in heilig-

making om ons gehoorsaamheid. Uit dankbaarheid moet ons self nou die heiligmaking, waaronder getuienis, gaan volvoer.

Sodra dit gebeur, word die evangelisering van die wêreld, die oplossing van mense se fisiese nood en die ekologiese redding van die planeet, 'n sware uitdaging in plaas van 'n Goddelike roeping. My kollega, Danie du Toit, het juis vanjaar by ons kerkraad se afskop die verskil tussen die modebegrip “uitdaging” en die maklik vergete saak van “roeping” verduidelik.

“Uitdaging” bring spanning – dit skep die verwagting van prestasie en dit laat 'n mens mislukking vrees. “Roeping”, daarenteen, laat jou nie alleen nie. Roeping is God se uitnodiging aan ons om een van sy medewerkers te word. Regverdigmaking is genadewerk van God *vir* ons; heiligmaking is genadewerk van God *in* ons.

Ons dink te maklik aan die koninkryk, maar ook aan die Koning van die koninkryk, in onbybelse beelde. Vier momente het my gehelp om my preek se leemtes, en God se volheid, beter raak te sien.

● God is soos Jesus

Baie van ons uit die “baby boomer”-generasie sal Jürgen Moltmann altyd dankbaar bly. Soos Karl Barth, het hy hom, as iemand wat self soldaat en krygsgevangene in die Tweede Wêreldoorlog was, téén 'n natuurlike teologie verset. Moltmann wys onder andere in *Der Gekreuzigte Gott* op die gevaar van die Griekse en filosofiese godsbeskouing wat die Semitiese denkwyses en Bybelse beelde en antropomorfiese praat oor God verdring het. Die Bybelse God van patos is in 'n apatiese God omskep.

Hierdie apatiese, filosofiese godsbeskouing het allerlei tragiese gevolge gehad, veral vir die verstaan van God se voorsienigheid. Moltmann maak dit duidelik dat God hom nie aan lyding onttrek nie, maar Hom juis daarin openbaar. “God openbaar Hom in sy teendeel,” eggo Moltmann vir Luther. God openbaar hom in Jesus Christus, juis ook in en deur sy kruisdood.

By die Evangelie van Johannes lees 'n mens dié waarheid maklik raak. Niemand het God ooit gesien

nie, maar Christus het Hom kom wys. Wie Jesus gesien het, het God die Vader gesien (Joh 1:18 en 14:18).

● **God is die Aanwesige**

So 'n rukkie vóór Moltmann het die Amerikaanse etikus, H Richard Niebuhr, in *The Responsible Self* na die verband tussen mensbeskouing en Godsbeskouing verwys. Die feit dat die Bybel in menslike terme oor God praat, maak die verleiding om die grense te vervaag so maklik. Dit herinner sterk aan Feuerbach wat gemeen het mense is geneig om 'n god na hulle beeld en behoefte te maak.

Die beskouing van die mens as *maker*, roep die beeld van God as *Vrymaker* na vore. Vanuit só 'n Gods-begrip is allerlei bevrydingsaspekte, die toekoms en groei as gemeentelike doelstellings belangrik.

Waar die beskouing van die mens as *burger* beklemtoon word, word God as 'n soort *Wetgewer* beskou. Gemeentelike orde en skemas van reg en verkeerd word in so 'n geval belangrik.

Niebuhr herinner ons daaraan dat Jesus God eers as die lewende, dinamiese Aanwesige beskou het. Alles wat met Jesus gebeur het, het Hy as tekens van God se genadige regering van hierdie wêreld beskou.

Hierdie benadering vra van ons verantwoordelikheid vir die hede. Verantwoordelikheid is immers 'n reaksie ("response-ability") op God se genade. Ons word geroep om op gepaste wyse op God se werksaamheid in die hede, op sy tekens, te reageer. Om God se wil te kan onderskei, beteken dat 'n mens, soos Jesus, sal raaksien wat ons Vader in die hede doen ...

● **God is aktief besig met 'sending'**

Karl Barth was van die eerste teoloë wat sending as 'n aktiwiteit van God self bestempel het (David Bosch in *Transforming Mission*, 389). Sending kon nie bloot meer as die redding van siele beskou word nie, ook nie as kultuuroordrag of as uitbreiding van die kerk nie. Sending is nie meer aan die soteriologie of ekklesiologie gebind nie, maar aan die Triniteitsleer (vgl ook Miroslav Volf in *After our likeness ...*).

Berkhof (341-342) toon in sy *Christeljk Geloof* die noue verband tussen Vader, Christus en Heilige Gees aan. Volgens die sinoptici en Johannes 3:34, word Jesus deur die Gees gelei (gestuur). Jesus is die werk van die Gees. Omgekeerd stuur volgens Johannes en Paulus die Here Jesus as Gestuurde van die Vader ná Pase die Heilige Gees om die heilswerk voor te sit. Die Gees is die werk van die opgestane Jesus. Soos die Vader Jesus gestuur het, stuur Jesus ons ook ...

Vir Aagaard is sending nie primêr 'n aktiwiteit (of uitdaging) aan die kerk nie. Dit is 'n kenmerk van God.

Vir Moltmann "het" die kerk nie 'n missie nie. Die missie van die Christus en die Gees deur die Vader sluit die kerk in. Die kerk is 'n instrument van die sending. Trouens, daar is 'n kerk omdat daar 'n sending van God is, en nie omgekeerd nie (vgl by Bosch, 390).

Die eerste Sendingkonferensie wat die *Missio Dei* as uitgangspunt van sending aanvaar het, was Willingen (1952). Dit was ook dáár dat sending se getuie nis breedweg beskou is as verkondiging, gemeenskap (fellowship) en diens. Triomfalisme is verhoed omdat God, wie se sending dit is, die God van Jesus die Gekruisigde is. God is nou naby aan dié wat swaarkry (vgl hierbo en Bosch 1997: 390, 512).

● **Ons kry deel aan God se sending**

Ons moet versigtig wees dat ons nie God na ons behoefte maak nie. Daarom moet ons God nie deel van ons planne – al is hulle hóé vroom – maak nie, maar deel van sý planne wees. Om deel te wees van God se beweging in hierdie wêreld, vanuit ons wese en nie vanuit wat ons *doen* nie, moet ons gemeente- en kerkbegrip in ooreenstemming met ons Gods-begrip kom, en nie andersom nie. Dit veroorsaak dat alles wat ons as gemeente is en doen, 'n sending *dimensie* het, al het dit nie noodwendig 'n sending *intensie* nie (Gensichen).

Dink maar aan die soort spiritualiteit wat ons as gestuurdes benodig: 'n spiritualiteit van stilte om in pas met God se wil te kom, om te kan sien wat nou vir Hom belangrik is (vgl Willem Nicol se *Gebed van die hart*). Dit lyk of die tipiese voorbiddingsgebede hiervoor té besig en selfgerig is.

Dink maar aan die soort leierskap wat in gestuurde gemeentes nodig is. Dit gaan nie meer om die meerderheid se belange (demokrasie) nie, maar om God se wil te onderskei (vgl Frederick Marais se *God praat - leef luisterryk vir vergaderings*, uitgegee deur Bybel-Media, en wat tans in verskeie sinodale werksessies aangebied word).

Ek probeer nou my beeld oor kerk en koninkryk beter maak ... die kerk is 'n soos 'n basiskamp waar 'n mens krag kry en stories van geloof, hoop en liefde hoor ... maar ons is nie bergklimmers wat leef met 'n uitdaging om te presteer, vlae te plant en foto's by pieke te neem nie. As diensknegte is ons gestuur om soos die St Bernhard-honde diegene wat swak geword en toegeval het, oop te grawe en met krag te lawe ... Ag, die beeld kan ook nie die onsêbare verbeeld nie: dat God reeds reddend om ons teenwoordig is en dat ons sy geroepe mede-werkers is ...

● **André van Niekerk** – *André is een van die sinodale leiers in die Oostelike sinode en is onlangs van Skuilkrans na Waterkloof beroep. Hy is 'n dogmatikus en gereelde skrywer in Beeld.*